



4 Magnolia Laan
Hermanus, 7200
083 282 2000
admin@kleuterkampushermanus.co.za

Kleuterkampus Hermanus

Inligtingsgids 2027

Waar groot drome klein begin






Welkom by Kleuterkampus Hermanus

By Kleuterkampus glo ons dat elke kind uniek en besonders is. Ons skep 'n veilige, liefdevolle en stimulerende omgewing waar kleuters met selfvertroue kan groei, ontdek, speel en leer.

Ons klein klasse stel ons in staat om persoonlike aandag aan elke kleuter te gee en 'n hegte verhouding tussen kind, ouer en personeel te bou.

Ons sien daarna uit om saam met u en u kleuter deel te wees van hierdie kosbare eerste tree in hul leerreis.

Waar groot drome klein begin



Ons Visie

Ons visie is om gelukkige, selfversekerde en goed afgeronde kinders te help ontwikkel deur 'n veilige en stimulerende omgewing te skep waarin elke kind die geleentheid kry om te floreer.

Ons Missie

Om 'n veilige en inklusiewe omgewing te skep waarin elke kind bemagtig word om sy/haar eie uniekheid uit te leef en 'n ingesteldheid te kweek om elke dag suksesvol aan te pak.

Wat maak Kleuterkampus Hermanus besonders?

- **Goud-geregistreerde skool by die Departement van Onderwys.**
- Klein klasse met persoonlike aandag.
- Liefdevolle, toegewyde en ervare personeel.
- 'n Veilige en geborge leeromgewing.
- 'n Gestruktureerde dagprogram en goeie roetine.
- Leer deur spel, ontdekking en praktiese ervaring.
- Kwaliteit opvoedkundige apparaat, speelgoed en kreatiewe materiaal.
- Bak-en-brou en sensoriese aktiwiteite.
- Instappies en opvoedkundige besoeke.
- Spesiale tema- en pretdae deur die jaar.
- Gereelde kommunikasie met ouers.
- 'n Christelike waardestelsel wat deel vorm van ons daaglikse skoollewe..

Ons Kultuur en Beginsels

Kleuterkampus Hermanus is 'n Christelike kleuterskool waar liefde, respek, vriendelikheid, eerlikheid en omgee deel vorm van ons daaglikse skoollewe.

Ons glo dat elke kind uniek geskape is en verdien om in 'n omgewing groot te word waar hy of sy veilig, geliefd en raakgesien voel.

Die verhouding tussen die kind, ouer en personeel is vir ons baie belangrik. Goeie kommunikasie, wedersydse vertroue en respek vorm die grondslag van hierdie verhouding.

Ons benadering tot leer

Ons glo dat jong kinders die beste leer wanneer hulle aktief betrokke is en die geleentheid kry om te speel, ontdek, ondersoek en ervaar.

Daarom:

- leer kinders deur spel en praktiese ervaring;
- word kinders aangemoedig om vrae te vra en hulself uit te druk;
- vorm die klaskamer én buite-omgewing deel van die leerervaring;
- tree ons personeel op as versorgers, begeleiers en fasiliteerders van leer;
- word elke kind se ontwikkeling en vordering deur gereelde waarneming gevolg;
en
- beskou ons ouers as belangrike vennote in hul kind se ontwikkeling.

Veiligheid, sekuriteit en kommunikasie

Veiligheid en Sekuriteit

Die veiligheid van elke kind in ons sorg is vir Kleuterkampus Hermanus 'n prioriteit.

Afhaal van kinders

- Elke kind word uitgeteken deur juffrou aan diens wanneer hy/sy afgehaal word.
- Kinders word slegs aan 'n ouer/voog of 'n persoon wat deur die ouer gemagtig is, oorhandig.
- Indien iemand anders u kind gaan afhaal, moet die skool vooraf daarvan in kennis gestel word.
- Kennisgewing kan telefonies of per WhatsApp aan die skoolhoof gegee word.
- Indien ons onseker is oor die persoon wat 'n kind kom afhaal, behou die skool die reg voor om eers die ouer/voog te kontak voordat die kind die perseel verlaat.

Kommunikasie met ouers

Goeie kommunikasie tussen die skool en ouers is vir ons baie belangrik.

Ouers ontvang gereeld kommunikasie rakende:

- die week se tema en leeraktiwiteite;
- belangrike skoolkennisgewings;
- spesiale dae en geleenthede;
- items wat skool toe gestuur moet word; en
- enige belangrike inligting rakende hul kind.

Indien daar gedurende die dag iets gebeur waarvan 'n ouer dringend bewus moet wees, sal die skool die ouer direk kontak.

Ons klasse en skooldag

Ons Klasse

Kleuterkampus Hermanus bied klein klasgroepe waar kinders ouderdomsgepas versorg, gestimuleer en onderrig word.

Krappieklas

18 maande - 2 jaar

'n Liefdevolle en veilige omgewing waar ons jongste maatjies deur sensoriese spel, beweging, musiek, taalontwikkeling en ontdekking leer.

Seeskilpadklas

2 - 3 jaar

Die fokus val op taalontwikkeling, selfstandigheid, sosiale vaardighede, groot- en fynmotoriese ontwikkeling en leer deur spel.

Dolfynklas

3 - 4 jaar

'n Meer gestruktureerde program word gevolg waarin kinders deur temas, kreatiewe aktiwiteite, beweging, taal, vroeë syferbegrip en praktiese ontdekking leer.

Pikkewynklas

4 - 5 jaar

Ons ouer kleuters volg 'n gestruktureerde skoolgereedheidsprogram met ouderdomsgestemde aktiwiteite wat hul holistiese ontwikkeling ondersteun.

Ons Skooldag

Kleuterkampus is Maandae tot Vrydae vanaf 07:00 tot 16:00 oop.

Halfdag

07:00 - 12:30

Voldag

07:00 - 16:00

Ons volg daaglik 'n gestruktureerde program wat onder andere die volgende insluit:

Aankoms & vryspel → Ontbyt → Bybel & kringtyd → Gerigte leeraktiwiteite → Happietyd → Buitespel → Kreatiewe/sensoriese aktiwiteite → Middagete → Storie → Rustyd → Middaghappie → Vryspel

Die presiese program verskil volgens die ouderdom en ontwikkelingsfase van elke klas.

Etes gedurende die dag

08:30 - Ontbyt

09:45 - Happietyd

11:45 - Middagete

14:15 - Middaghappie vir voldag-maatjies

Ontbyt, middagete en die laatmiddaghappie word deur Kleuterkampus voorsien; dit is reeds by die skoolfooie ingesluit.

Gedrag, Dissipline en insidente

Hantering van insidente

Elke kind by Kleuterkampus Hermanus is uniek en ontwikkel teen sy of haar eie tempo. Ons verstaan dat jong kinders steeds leer om emosies te reguleer, grense te verstaan, te kommunikeer en sosiaal met ander om te gaan.

Daarom word elke situasie ouderdomsgepas, met liefde, geduld en konsekwentheid hanteer.

Ons leer ons maatjies dat:

- ons onself en ander met respek behandel;
- ons nie ander kinders of personeel seermaak nie;
- ons mooi na ons skool, speelgoed en toerusting omsien; en
- ons woorde en gedrag gebruik wat vriendelik en aanvaarbaar is.

Wanneer 'n insidente plaasvind:

Indien 'n betekenisvolle insident plaasvind, sal die betrokke ouer daarvan in kennis gestel word.

Wanneer gedrag herhaaldelik voorkom of kommer wek, sal die skool en ouers saamwerk om die kind op 'n positiewe en ondersteunende manier te begelei.

Waar nodig, kan 'n gesprek met die ouers gereël word en 'n toepaslike ondersteuningsplan saamgestel word.

Indien skool-eiendom opsetlik beskadig word, sal die situasie individueel met die betrokke ouers bespreek word.

Ons benadering tot dissipline

Dissipline by Kleuterkampus Hermanus word toegepas met:

- liefde en respek;
- duidelike en konsekwente grense;
- ouderdomsgepaste leiding;
- positiewe versterking van goeie gedrag; en
- rustige herleiding wanneer gedrag nie aanvaarbaar is nie.

Geen lyfstraf word by Kleuterkampus Hermanus toegelaat nie.

Gesondheid en Medikasie

Wanneer moet my kind tuis bly?

Die gesondheid en veiligheid van al ons kinders en personeel is vir ons belangrik.

Ons vra dat 'n kind wat siek is asseblief tuis gehou word.

'n Kind behoort nie skool by te woon wanneer hy/sy onder andere:

- koors het;
- braak of diarree het;
- 'n aansteeklike siekte het of vermoedelik het;
- baie lusteloos of duidelik ongesteld is; of

- so siek is dat hy/sy nie gemaklik aan die normale skooldag kan deelneem nie.

Kinders moet minstens 24 uur koorsvry wees, sonder die gebruik van koorswerende medikasie, voordat hulle terugkeer skool toe. By braking of diarree vra ons ook dat die kind minstens 24 uur simptomevry moet wees voordat hy/sy terugkeer. Indien 'n kind gedurende die skooldag siek word, sal die ouer/voog gekontak word en kan daar versoek word dat die kind so gou moontlik afgehaal word.

Medikasie by die skool

Indien medikasie gedurende skoolure toegedien moet word:

- moet die medikasie daagliks in die medikasieregister aangeteken word;
- moet die betrokke personeellid daarvan in kennis gestel word;
- moet die kind se naam duidelik op die medikasie aangedui wees;
- moet dit veilig aan 'n personeellid oorhandig word; en
- mag geen medikasie in 'n kind se skooltas gelos word nie.

Medikasie wat nie behoorlik aangeteken en aan 'n personeellid oorhandig is nie, sal nie toegedien word nie.

Algemene sake

Kleredrag

Kinders moet asseblief gemaklike, praktiese klere dra waarin hulle vrylik kan speel, leer, verf en ontdek.

'n Ekstra stel skoon klere moet daagliks in u kind se tas wees.

Vrydae is Kampus-T-hempiedag, en maatjies kan hul Kleuterkampus T-hempie saam met 'n gemaklike broek of kortbroek dra.

Persoonlike besittings

Ons vra dat speelgoed en ander persoonlike items eerder tuis bly, tensy die skool dit vir 'n spesifieke aktiwiteit versoek.

Alle klere, skoene, waterbottels, kosblikke en ander besittings moet asseblief duidelik met u kind se naam gemerk wees. Verlore items word op 'n aangewese

plek gehou, maar die skool kan ongelukkig nie verantwoordelikheid vir verlore of beskadigde persoonlike besittings aanvaar nie.

Wat voorsien Kleuterkampus?

Kleuterkampus voorsien die nodige:

- skryfbehoeftes;
- kuns- en kreatiewe materiaal;
- opvoedkundige apparaat; en
- materiaal vir die daaglikse leerprogram.

Wat moet ek skool toe stuur?

Kwartaalike Benodigdhede:

Aan die begin van elke kwartaal vra ons asseblief:

- 1 rol toiletpapier
- 1 boks tissues
- 1 pakkie wetwipes

Vir maatjies wat nog doeke dra

Stuur asseblief:

- doeke vir u kind se eie gebruik; en
- boudsalf, indien nodig.

Daaglikse in u kind se tas

- ☐ Gemerkte waterbottel
- ☐ Kosblikkie vir happietyd
- ☐ Ekstra stel skoon klere
- ☐ Sonblok en 'n sonhoedjie

Finansiële Inligting 2027

1 Registrasiefooi

R900.00

Nie-terugbetaalbaar

2 Registrasie & klasfonds

- 2.1 'n Eenmalige registrasiefooi en klasfonds, soos jaarliks bepaal, is betaalbaar binne 7 (sewe) dae na aanvaarding en bevestiging van u kind se plek.
- 2.2 Die skool behou die reg voor om enige aansoek te weier, sonder verpligting om redes te verskaf.

3 Maandelikse skoolfooie 2027 (12 maande per jaar)

Ouderdomsgroep	Halfdag (07:00 – 12:30)	Voldag (07:00 – 16:00)
1 jaar groep	R 3 400.00	R 4 000.00
2 jaar groep	R 3 400.00	R 4 000.00
3 jaar groep	R 3 400.00	R 4 000.00
4 jaar groep (Graad RRR)	R 3 400.00	R 4 000.00
5 jaar groep (Graad RR)	R 3 550.00	R 4 000.00
6 jaar groep (Graad R)	R 3 800.00	R 4 200.00

10% afslag op die 2de, 3de en 4de kind.

4 Kennisgewing van beëindiging

Ouers moet **twee (2) volle kalendermaande** skriftelike kennis gee indien 'n kind Kleuterkampus Hermanus gaan verlaat.

Skoolfooie bly gedurende die volle kennisgewingstydperk betaalbaar, ongeag of die kind die skool gedurende hierdie tydperk bywoon.

5 Bankbesonderhede

Bank: FNB
Rekeningnaam: Kleuterkampus Hermanus
Rekeningnommer: 63075500207

6 Kuier-maatjie skoolfooie

Skoolvakansiedae: R 260.00 per dag
Kwartaal skooldae: R 230.00 per dag

Waar groot drome klein begin.

Ons Personeel:

Ons personeel vorm die hart van Kleuterkampus Hermanus.

Ons span bestaan uit liefdevolle en toegewyde personeel met toepaslike opleiding en ervaring in vroeë kinderontwikkeling. Ons personeel word aangemoedig om hul kennis voortdurend uit te brei deur relevante opleiding, kursusse en werksinkels. Elke klas word met sorg bestuur en ons personeel werk saam om 'n veilige, gestruktureerde en stimulerende omgewing te skep waarin elke kind die geleentheid kry om te ontwikkel en te floreer.

Ons glo dat 'n goeie verhouding tussen kind, ouer en personeel 'n belangrike deel van 'n suksesvolle kleuterskoolervaring vorm.

Kommunikasie en instappies

Kommunikasie met ouers

Goeie kommunikasie tussen die huis en skool is vir ons baie belangrik. Belangrike kennisgewings, datums, weektemas en ander skoolkommunikasie word hoofsaaklik elektronies via WhatsApp met ouers gedeel. Tog, is epos welkom. Ouers word vriendelik versoek om skoolkommunikasie gereeld en sorgvuldig deur te lees.

Ons waardeer ouerbetrokkenheid en moedig ouers aan om enige vrae of bekommernisse betyds met die skool te bespreek.

Foto's en terugvoer

Waar toepaslik deel ons foto's en terugvoer oor die kinders se aktiwiteite en spesiale oomblikke gedurende die skooldag, onderhewig aan die nodige toestemming.

Instappies en spesiale ervarings

Deur die jaar word opvoedkundige instappies en spesiale besoeke gereël wat by ons temas en leerprogram aansluit.

Dit kan byvoorbeeld opvoedkundige vertonings, besoeke deur gemeenskapsdienste en ander interessante leerervarings insluit.

Hierdie ervarings maak leer prakties, interessant en onvergeetlik vir ons maatjies.

Ons Kurrikulum en leerbenadering

Ons Kurrikulum

By Kleuterkampus Hermanus volg ons 'n gestruktureerde, ouderdomsgepaste en kindgesentreerde leerprogram, met leer deur spel as 'n belangrike grondslag.

Ons program ondersteun die holistiese ontwikkeling van elke kind en berei ons maatjies stelselmatig voor vir die volgende fase van hul leerreis.

Ons fokus onder andere op:

Taal en geletterdheid

Luister, praat, woordeskat, stories, rympies, klankbewustheid en vroeë geletterdheid.

Vroeë wiskundige ontwikkeling

Tel, vorms, kleure, patrone, groottes, sortering, vergelyking en probleemoplossing.

Fisieke ontwikkeling

Groot- en fynmotoriese vaardighede, beweging, koördinasie en liggaamsbewustheid.

Kreatiewe ontwikkeling

Kuns, musiek, beweging, drama, bak-en-brou en sensoriese aktiwiteite.

Persoonlike en sosiale ontwikkeling

Selfstandigheid, selfvertroue, emosionele ontwikkeling, respek, verantwoordelikheid en samewerking.

Ontdekking van die wêreld rondom ons

Kinders leer deur temas, gesprekke, natuur, diere, mense, hul gemeenskap en praktiese ontdekking.

Leer deur spel

Ons glo dat jong kinders die beste leer wanneer leer betekenisvol, prakties en lekker is. Daarom vorm spel, beweging, ontdekking en kreatiwiteit 'n belangrike deel van elke skooldag.

Etes en wat by die skoolfooie ingeluit is.

Etes by Kleuterkampus glo ons dat goeie voeding 'n belangrike deel van 'n besige kleuter se dag is.

Kleuterkampus voorsien:

Ontbyt

Middagete

Laatmiddaghappie vir voldag-maatjies

- Ouers stuur 'n klein happietyd-kosblikkie saam. -

Ons moedig gesonde, ouderdomsgepaste happies aan en vra dat kinders daaglik 'n gemerkte waterbottel saambring.

Wat is by die skoolfooie ingesluit?

Die skoolfooie sluit onder andere in:

- ontbyt en middagete;
- laatmiddaghappie vir voldag-maatjies;
- skryfbehoeftes en kunsmateriaal;
- opvoedkundige materiaal en apparaat;
- die daaglikse leerprogram;
- assessering en ontwikkelingswaarneming; en
- terugvoer rakende u kind se ontwikkeling.

Waar 'n moontlike ontwikkelingsuitdaging geïdentifiseer word, sal dit met die ouer bespreek word en kan toepaslike ondersteuning of verdere verwysing aanbeveel word.

VAKANSIE SKOOL

VAKANSIESKOOLDATUMS 2027:

27 Maart - Skool sluit 11:00

30 Maart - 3 April

(5 dae)

26 Junie - Skool sluit 11:00

29 Junie - 10 July

(10 dae)

23 September - Skool sluit 11:00

28 September - 1 Oktober

(4 dae)

9 Desember - Skool sluit 11:00

10 Desember - 11 Desember

(2 dae)

Kleuterkampus Hermanus bied gedurende geselekteerde skoolvakansies 'n vakansieprogram vir ons ingeskrewe Kleuterkampus-maatjies aan. Gedurende vakansieskool volg ons nie die gewone kurrikulumprogram nie. Die vakansieprogram is rustiger en fokus op pret, kreatiwiteit, ontspanning en lekker saamwees.

Aktiwiteite kan onder andere insluit:

- bak-en-brou;
- sensoriese spel;
- waterspel en buitepret;
- kuns en kreatiewe aktiwiteite;
- spesiale tema-aktiwiteite; en
- ander lekker vakansiebederfies.

Voor elke vakansie sal ouers 'n besprekingsvorm ontvang waarop aangedui moet word watter dae hul kind die vakansieskool sal bywoon.

Vakansieskoolfooi

R60 per kind per dag.

Die addisionele fooi word aangewend vir die vakansieprogram en spesiale aktiwiteite. Bespreekte dae is betaalbaar.

.

Woorde uit ouerharte

By Kleuterkampus Hermanus glo ons dat die mooiste getuienis uit ons ouers se harte kom. Hulle ervaar daaglik die liefde, sorg en groei wat hul kinders by ons beleef. Hier deel 'n paar van ons ouers wat hierdie klein skooltjie vir hulle so besonders maak.

"Ongelooflike omgee, liefdevolle personeel. Dankie vir al die gereelde terugvoer en fotos van ons kindertjies se leerproses en speeltje." - *Ouma van Annabel*

"Kleuterkampus is nie net 'n skooltjie vir kreatiewe spel en baie pret vir die kinders nie. Dis 'n plek waar elke kind se uniekheid aangemoedig word met liefde en deernis. Ek sal die skooltjie vir enige ouer aanbeveel. Die span is uitmuntend en die kinders gelukkig." - *Suzelle*

"Amazing school with awesome teachers and staff. What a perfect environment for the forming years of our daughter. Could not be happier. Well done!" - *Pappa van Kyli*

"Ons is baie lief vir Kleuterkampus. Die juffrouens is professioneel en sorgsaam, die omgewing is veilig en stimulerend, en hulle leer elke dag iets nuuts deur speel. Ek sal hulle hoogs aanbeveel vir enige ouer wat 'n goeie begin vir hul kleuter wil hê." - *Mamma van Jean*

"Ons 3-jarige seun gaan elke dag met soveel opgewondenheid na Kleuterkampus Hermanus! Die juffrouens is ongelooflik liefdevol, geduldig en toegewyd - dit is duidelik dat hulle regtig omgee vir elke kind. Die leeromgewing is veilig, skoon en kreatief, met baie geleenthede vir ontdekking en speel. Ek kan Kleuterkampus Hermanus van harte aanbeveel aan enige ouer wat 'n veilige en stimulerende plek vir hul kleuter soek!" - *Marcia*